trinitas

1 Verlos

Baie welkom by Trinitas!
*Ons sien onsself as **'n verloste familie van diensknegte wat gestuur is**.*
Ontdek saam met ons wat dit vir jou en Vanderbijlpark beteken!

SONDAG, 22 OKTOBER 2017

OGGEND 09:00

JESUS IS BETER DAAROM IS HY ELKE GELOWIGE SE VRYMOEDIGHEID, DIENS EN HOOP WAARDIG

Skriflesing: Hebreërs 3:1-6

Die samelewing word gedryf deur kompetisie. Ek wil beter wees – nie noodwendig myself verbeter nie – maar beter. Daagliks hoor ons dat dit wat ons gedink het die beste is 'n plaasvervanger gekry het.
Die Jode kry amper 'n soortgelyke boodskap: *Hier is iemand wat beter is as Moses.* Dit is ongehoord dat iemand groter as hierdie geloofsheld kan wees.
Tog leer ons in Hebreërs 3 dat Jesus werklik beter is. Hy is genoeg. Hy is voldoende. Ons taak is om gehoorsaam te wees aan die hemelse roeping waaraan ons deel het in Christus.

AAND 18:00

DIENSKNEG-ONTDEKKINGSREIS

Vanaand sluit ons af met ons dienskneg-ontdekkingsreiskursus.

PROGRAM VIR DIE WEEK

Dinsdag, 24 Oktober
Bybelstudie 18:30
Bybelstudie 19:00

Woensdag, 25 Oktober
Bybelstudie 09:00

Donderdag, 26 Oktober
Bejaarde Lente-tee 10:00

Vrydag, 27 Okt. - Sondag, 29 Okt.
Manne-kamp

SONDAGAANDE: 4E KWARTAAL	
Datum	**Geleentheid**
22 Oktober	Dienskneg-ontdekkingsreis kursus
29 Oktober	Hervormingsdag – Fliekaand

facebook.com/GKTrinitas

2 Familie

LIEF EN LEED

Dink in jou gebede aan hierdie lidmate:

- Dit gaan beter met Amanda Vermaak ☎0741659957.
- Sterkte aan Chrissie Nel ☎0722099795 wie se motor gesteel is.
- Anna-Ryna de Klerk ☎0834152085 het die afgelope week voetbehandeling ondergaan.
- Dit gaan beter met Ria du Plessis.
- Ben du Plessis ondergaan bestraling en chemobehandeling.
- Ons bid ook vir Toekie en Gerrit van Wyk ☎0823328550, Mariet Voges ☎0721248152, May Bezuidenhout ☎0825842703 en Ita Schrap ☎0768879456 wat met siekte worstel asook vir Adriaan Wiechers ☎0828778627 wie se broers albei siek is.

Ons bid vir alle ander lidmate wat met siekte en swakheid worstel.

Laat weet asb. die kerkkantoor van siektes, swaarkry en vreugdes.

VERJAARSDAE: HARTLIK GELUK!

22/10	Petro Atkins	☎0832593798
23/10	Erno Nel	☎0825538104
23/10	Herman vd Elst	☎0832341225
24/10	Elsa Prinsloo	☎0794778699
24/10	Jan vd Westhuizen	☎0844890144
25/10	Liesje Beumer	☎0835642280
25/10	Hestie Venter	☎0836498372
26/10	Francine Louw	☎0824178226
26/10	Alta Muller	☎0723587714
26/10	Harry v Rooy	☎0828782338
28/10	Chantelle Hitge	☎0786252438

SPESIALE VERJAARSDAE
25 Okt. Hestie Venter

HUWELIKSHERDENKINGS

26 Okt.	Floris en Bokkie Coetzee ☎0843906426	49 jaar

SPESIALE VERJAARSDAE (80 jaar en ouer) en HERDENKINGS (50 jaar plus)
Die gemeente sing Sondae 'n seënbede vir lidmate wat die genade ontvang het om hierdie besonderse mylpale te bereik.

NUWE LIDMATE
Kom ontmoet gerus die diensouderling na die erediens voor die preekstoel en vul asb. die 'Nuwe lidmaatvorm' by hom in.

HUISBESOEKVORMS
Indien jy huisbesoek deur enige ampsdraer wil ontvang, **voltooi 'n huisbesoekversoekbriefie (by die deure beskikbaar)** en plaas dit in die kerkkantoor se rakkie in die saal of **Die Helper** se kassie by die hoofingang.

BYBELSTUDIES
Dinsdae om 18:30. Stinkhoutsingel 18 (Christa Snyman ☎0798779882).
Dinsdae om 19:00.
Woensdae om 09:00 by die kerkgebou.
(tensy anders per SMS gekommunikeer)

VERJAARSDAGTEE
Die volgende Verjaarsdagtee vind in 2018 plaas. Groete: Gasvryheid-diensgroep.

3 Dienskneg

ORRELBEGELEIDING
09:00 – Nannes vd Walt

OUDERLINGE AAN DIENS
Gerrit van Wyk, Dolf Jonker

DIAKENS AAN DIENS
Tina J van Vuuren, Casper J v Vuuren

KOSTER AAN DIENS
Elsa Prinsloo

KOLLEKTES
Onder die erediens vir Diakonale Kas
22/10 – Instandhouding van erediens
29/10 – Dankbaarheidsfonds

DATABORDDIENS
Behartig deur die Tegniese span.

GEHOORAPPARATE
Gehoorapparate kan Sondagoggende agter in die kerk onder die trap gekry word. Vra gerus die klankman vir hulp indien u probleme daarmee ondervind.

DR. FRANS MINNIE
Dr. Frans Minnie (pastorale berader) is op **Maandae** beskikbaar by die kerk slegs vir lidmate van Gereformeerde gemeentes. Kontak die Kerkkantoor vir afsprake. Donasies kan inbetaal word by: FNB Tjekrekening No: 621 843 512 04, Takkode: 250-945.

MEDEWERKERS (ons het nog medewerkers nodig!)
Dankie vir almal wat reeds hul name opgegee het. Die medewerkerslyste is in die saal by die ouderlinge se kennisgewingbord opgesit. Kontak gerus jou wyksouderling of vir Alan Brotherton ☎0834685243 met enige vrae.

DIENSGROEPE
Agter in die saal, langs die welkom-toonbank, is daar plakkate met al die huidige diensgroepe van Trinitas. Kyk gerus daarna en kontak die sameroeper van die groep waarby jy geroepe voel om betrokke te raak.

TEESKINK
Vanoggend skink die Lotuslanders tee, Sondag 29 Oktober skink Lynette Roelofse se groepie. Harriet Labuschagne ☎0833047499 is die sameroeper van die diensgroep.

Koördineerder:
Maureen van Helden

Tel: 082 392 2093
E-pos: maureenvanhelden@gmail.com

Erediensbeplanning-span

Doel van die diensgroep

- ✓ Om, wanneer nodig, saam te dink oor alle sake rondom die verdere verryking van ons eredienste
- ✓ Om beplanning te doen vir spesiale eredienste en geleenthede

Bedieningsgeleenthede

- ✓ Daar is nog baie geleentheid om permanent of *ad hoc* deel te neem aan bediening in hierdie area!

Spanafdelings

- ✓ **Woord- en gebedsbediening**: Prediking en voorbidding
- ✓ **Eredienste en byeenkomste**: Benutting van liturgiese ruimte en kerkgebou, ouderlingdiensrooster, algemene erediensbeplanning
- ✓ **Spesiale eredienste**: Beplanning vir en koördinering van spesiale eredienste (saam met die kunstespan)

JEUGBEDIENING

Beplanning van die eenheid wat behandel word vanaf Sondag 15 Oktober:

Graad 1 – 3
EENHEID 6: EK LEEF MY GELOOF UIT
Graad 4 – 6
EENHEID 6: REIS SAAM MET JOSUA
Graad 7 – 9
EENHEID 4: BEREIK JOU WÊRELD
EENHEID 5: LIEFDE, SEKS EN UITGAAN
Graad 10 (Heidelbergse Kategismus)
Dankbaarheid

*Alle jeugleiers gaan so ver moontlik volgens die beplanning werk. Indien daar ander reëlings is, sal dit aan die jeug in die betrokke grade deurgegee word. U as ouer word versoek om aktief betrokke te wees by u kind se opdragte en die temas kan ook gebruik word tydens gesins-bybelstudie. Die graad 11 jeug het 'n volledig uitgewerkte lesrooster, maar dit word nie geplaas in die nuusbrief nie, aangesien hulle daarvan mag afwyk. Dit sal wel goed gekommunikeer word op hulle WhatsApp groepe. J**eugkleingroepe vir Graad 7 – 11 sal Sondae om 16:30 plaasvind**.*

KINDER-EREDIENSBEGELEIDING
Kinders vanaf 2-9 jaar is welkom om by die erediensbegeleiding aan te sluit wanneer die leraar hulle vorentoe roep. Die kinders word in drie groepe verdeel en begelei. Ons versoek dat ouers van 2-3 jariges asseblief die klas saam met hul kinders moet bywoon indien moontlik.
Ons benodig meer mense om te help!
Enige persoon wat graag hier wil dien, kan na die erediens voor in die kerkgebou met Petra Tromp kom gesels. Kontak gerus ook vir Petra ☎0823316151 met enige verdere vrae en voorstelle.

SIEKEBESOEK DIENSGROEP
Indien jy belangstel om deel te word van die siekebesoek diensgroep, kontak gerus vir James en Toetie Terblanche ☎0825723328, 0718721741 of 0169823565. Baie dankie aan almal wat so getrou siekebesoek doen.

Die HELPER

DIE HELPER is 'n *diens* wat praktiese hulp met klein takies in en om die huis bied vir lidmate wat nie self daarmee kan regkom nie. Dit is tipies bedoel vir verswakte of bejaarde lidmate, en vir enkellopende dames. Neem gerus die vrymoedigheid om gebruik te maak van **Die Helper**. Los 'n briefie in die houtkis in die voorportaal of kontak Theuns Odendaal ☎0832561387.

KOSPAKKIE DIENSGROEP
Kruideniersware benodig
Indien jy 'n bydrae wil maak, kan jy volgens die onderstaande lys aankoop **(plaas skenkings in die groot houer in die saal)**: Suiker, pasta, bullybeef, koffie, tee, soja maalvleis, grondboontjiebotter, Pilchards vis, konfyt, melkpoeier, sout, bakedbeans, tamatie- en uiesmoor, pakkies sop, rys, blikkies gemengde groente, koekie Sunlight seep, toiletseep, toiletpapier, sjampoe, tandepasta, tandeborsels en waslappe. Baie dankie.
Indien jy graag wil help om eenkeer per maand die kruideniersware-pakkies te pak, kan julle gerus jou naam deurgee aan die kerkkantoor of Jolani Lourens ☎0823359586.

VERSPREIDING VAN KLERE
Kontak Jan van der Westhuizen ☎ 0844890144 indien u wil help met die verspreiding van klere wat die diakonie ontvang.

4 Gestuur

EVANGELISASIE – KONINGSKINDERS
Philip Snyman ☎0834681035,
Anne-Marie Snyman ☎0798756743 of
Christa Snyman ☎0798779882.

ONDERSTEUNING VIR MADAGASKAR
Kontak: Gert Visser ☎0834491036
Bydraes: Aksie Uitreik, ABSA, rek no. 9055971748

Kontakpersoon:
Hardus Visser
☎0828215642

Ons benodig die volgende items (tweedehands ook welkom) vir die Deurgangshuis:
Kisvrieskas, wasmasjien en tuimeldroër. Baie dankie. Hardus.

HERWINNING
Die Here stuur ons om sy skepping op te pas om Hom ook so vir die wêreld wys. Kom laai gerus jou sak herwinbare materiaal by die herwinningsarea af tydens kantoorure of Sondae voor en na die eredienste. Daar is 'n werker wat dit uitsorteer.

TRINITAS HERWINNINGSPROJEK

U is welkom om u sak met herwinningsmateriaal hier *langs* die groot blou houer te los. 'n Werker sal die herwinningsmateriaal uitsorteer. Indien u dit wel self wil uitsorteer, moet die volgende items in die volgende houers geplaas word. Enige materiaal wat nie op die lys is nie, moet u asb. weer huis toe neem.

Geen kosprodukte of tuinafval word hier toegelaat of herwin nie.

GROOT BLOU HOUER: **Karton, bokse, uitgespoelde kartonhouers sonder proppies, bv. lang-lewe melkbokse**

DROMME:

1. **Blikkies**
2. **Glas**
3. **Wit kantoorpapier**
4. **Koerante**
5. **Tydskrifte**

VESKILLENDE SOORTE PLASTIEK:

6. ***Gemengde* plastiek (geen bottels), alle proppies**
7. ***Deursigtige* plastiekbottels sonder proppies, bv. Coke bottels**
8. ***Groen* plastiekbottels sonder proppies, bv. Sprite bottels**
9. ***Bruin* plastiekbottels sonder proppies, bv. Stoney bottels**
10. ***Wit* plastiekbottels sonder proppies, bv. melkbottels**

Skakel gerus vir Maureen van Helden (0823922093) indien u enige navrae het.

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR OKTOBER

26 Okt. Bejaarde Lentetee
27-29 Okt. Mannekamp
29 Okt. Hervormingsondag

GKSA NUUS

OP DIE KENNISGEWINGBORD

- Geopende Deure
- GK Jeugkantoornuus
- Cross Courier: GKSA tydskrif (Engels)
- FEBA Radio
- Lofprysingsaand 22 Okt. GK Sasolburg

Besoek GK Trinitas se facebook-blad weekliks vir preekopsommings, GKSA nuus en afkondigings.

KRUISPAD

Kruispad is die jeugtydskrif van die GKSA (www.kruispad.net). Stuur 'n e-pos aan kantoor@kruispad.net indien jy wil inteken of 'n artikel wil skryf.

KLEIN ADVERTENSIES

- Indien jy werk benodig of wil aanbied, kan jy dit deurgee aan die kerkkantoor vir plasing in die nuusbrief.
- Laerskool, graad 8 en graad 9 Wiskunde klasse. R150 per uur. Elizma Powell ☎0792904140.
- Theuns Odendaal ☎0832561387 verkoop hoenders, lam-, skaap-, bees- en varkvleis. Kontak hom gerus vir pryse.
- KUNSKLASSE graad 8 – 12

Het jy 'n passie vir kuns? Kom raak deel van 'n kreatiewe omgewing! Kontak Rineke Visser 071 877 8260.

- 2-Slaapkamer meenthuis by Herfsoord te huur vanaf begin Oktober. Kontak Chris Kruger ☎0823377639
- Gerhard du Plessis ☎0658055245 benodig werk. (Nutsman, ongekwalifiseerde sweiser en 'boilermaker')
- Vakansieweek beskikbaar. Castleburn Resort, Suidelike Drakensbergde. 13-17 November. R4 182 in totaal vir 4 nagte, plek vir 6 persone. Nannes vd Walt ☎0833041841.

TRINITAS-BOEKHOEK

Neem gerus van die boeke agter in die saal om by die huis te lees en bring dit weer terug wanneer jy klaar is daarmee. Franciska vd Merwe ☎0827818032.

AFLOSKOSTERPOS

Die afloskosterpos is steeds beskikbaar. Indien jy belangstel, kontak Gerrit van Wyk ☎0823328550.

FRANKFORT RIVIERTOER 2017

29 November – 3 Desember

- **Waar:** Plaas Zorgvliet – Tweeling distrik naby Frankfort
- **Wanneer:** 29 November 2017 – 3 Desember 2017.
- **Wie:** Hoërskoolleerders (Gr. 8-12)
- **Koste:** R770 per kind
- **Hoe:** Inskrywingsvorm te kry by Trinitas kerkkantoor
- **Tema:** Strome …

Kontak ook vir ds. Peter vir meer inligting of kyk op die kennisgewingborde

KONTAKBESONDERHEDE

Indien jou e-posadres, telefoonnommer of straatadres verander het, gee dit asb. deur aan Elsabé by die kerkkantoor

☎016925017 sodat die lidmaatregister op datum gebring kan word.

KONTAK ONS
www.gktrinitas.co.za

GKTrinitas

Kerkkantoor: Elsabé Muller
☎0169825017 / 0724874258
kantoor@gktrinitas.co.za
Faks no.: 086 219 5728
Skriba: Gerrit van Wyk 0823328550
Koster: Elsa Prinsloo 0794778699

Afloskoster: VAKANT
Orrelis: Nannes v.d. Walt 0833041841
Bankbesonderhede van kerk:
Rek. naam: Geref. Kerk Vanderbijlpark Trinitas ABSA Tjekrekening 530340449
Diakonie bankbesonderhede:
ABSA Tjekrekening 530340457
Predikant: Peter Venter
☎0797338778
peter@gktrinitas.co.za